FINANSIËLE KRISIS LEI TOT MEDEDINGENDE MODELLE VIR KORPORATIEWE BESTUURSGEDRAG

23 Maart 2010: Sommige mense beskou die onlangse globale finansiële krisis as die mislukking van kapitalisme. Een vooraanstaande Belgiese sakeman sê egter dat mededingende modelle vir korporatiewe bestuursgedrag nou na vore kan kom omdat mense besef dat ’n een-grootte-pas-almal benadering tot globale ekonomiese modelle nie kan werk nie.

Dit is die mening van prof Louis Verbeke, voorsitter van Vlerick Leuven Gent se bestuurskoolraad, wat onlangs oor etiek en korporatiewe bestuurstoesig by ’n *Leader’s Angle*-aanbieding van die USB gepraat het. ’n Video-uittreksel van die toespraak is op die USB se webwerf by wwww.usb.ac.za beskikbaar.

“Ons het in die verlede geleer dat daar net een goeie bestuurstoesigmodel is, naamlik die Amerikaanse model. Dit kom hoofsaaklik daarop neer dat ’n maatskappy groei en genoteer word, en dan van sy belangrikste aandeelhouer ontslae raak. ’n Professionele bestuurspan neem nou oor en dit lei uiteindelik tot buitensporige bonusse.”

Prof Verbeke haal onlangse voorbeelde uit die VSA aan wat toon dat die teenoorgestelde ook waar kan wees, soos Warren Buffet (Berkshire Hathaway), Microsoft (Bill Gates) en die stigters van Google. Hierdie maatskappye het almal beheer oor hul sakemodelle behou.

Hy sê dat die twee broers van kapitalisme – Europa en die VSA – twee uiteenlopende modelle vir kapitalisme bedryf. “Elke stelsel het sy voor- en nadele, en dit is belangrik dat ons ‘n gesprek oor albei se swakpunte voer sodat ons by hul sterkpunte kan uitkom.”

“Die Europese slaaibak-model met sy 27 lande en 45 tale is baie meer relevant vir Suid-Afrika en Afrika as die smeltpot van Amerika.”

Volgens Verbeke is Amerika reeds op soek na verandering en word probleme geïdentifiseer. Dit is in skerp teenstelling met Europa waar mededingende identiteite en ideologieë nie probeer saamsmelt nie, maar naas mekaar bestaan.

Hy sê die onlangse finansiële krisis sal tot besliste veranderinge lei. “As dié krisis ons een ding leer, is dit dat dié gebeure en situasies wat ons nie kan voorspel nie ons grootste bekommernis behoort te wees.”

-Einde-

Meer oor die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool
Die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) het sedert sy totstandkoming in 1964 ’n gerekende speler in die internasionale sakeskoolgemeenskap geword. Die skool se studentetal neem jaarliks toe en daar is tans 650 MBA-studente, sowat 150 ander Meestersgraadstudente, 26 PhD-studente en ’n paar duisend studente wat die wye verskeidenheid korter kursusse in bestuursontwikkeling volg. Die USB MBA bied ’n stewige teoretiese onderbou vir die praktiese, regte-wêreld toepassing van bestuurs- en leierskapbevoegdhede in enige sakesektor in Suid-Afrika, op die Afrika-vasteland sowel as in die globale sakegemeenskap. Die USB is die enigste bestuurskool van ’n Suid-Afrikaanse universiteit met twee internasionale akkreditasies: EQUIS van die European Foundation for Management Development en AMBA van die Association of MBAs. Kry meer inligting by www.usb.ac.za.